
# <u>*Jesus se liefdevolle hart!*</u>

*Saampraatpapier – Sondag 5 Junie 2016*



### *Lukas 7:11-17*

**Die opwekking van 'n weduwee se seun by Nain**

**11**Kort daarna het Jesus na 'n dorp met die naam Nain gegaan, **12**en sy
dissipels en 'n hele menigte mense is saam met Hom. Toe Hy naby die ingang
van die dorp kom, word daar juis 'n dooie uitgedra om begrawe te word. Hy was
die enigste seun van sy ma, en sy was 'n weduwee. Byna die hele dorp se
mense was saam met haar. **13**Toe die Here haar sien, het Hy haar innig
jammer gekry en vir haar gesê: “Moenie huil nie!” **14**Hy gaan toe nader en vat
aan die baar. Die draers gaan staan toe, en Hy sê: “Jongman, Ek sê vir jou,
staan op!”**15**Die dooie het regop gaan sit en begin praat. En Jesus het hom aan
sy ma teruggegee.**16**Almal is met ontsag vervul en het God geprys deur te sê:
“'n Groot profeet het onder ons opgestaan,” en “God het na sy volk
omgesien.” **17**Die berig oor wat Hy gedoen het, het deur die hele Joodse land
en die omliggende gebied versprei.

**Jesus se liefdevolle hart!**

1. Jesus ontmoet ons in die gebrokenheid van die wêreld
2. Jesus ontferm Hom teenoor die mens
3. Die krag van Jesus Christus

## <u>Vrae vir bespreking:</u>

1. Wat het jou die meeste aangeraak in die gedeelte?
2. Gesels oor die volgende stelling: ***“Jesus neem die eerste tree en wil daardeur sê dat Hy wel daar is in tye wat ons hoop verloor het en ’n krisis vir ons te veel is om te hanteer.”*** Wat beteken dit vir jou persoonlik?
3. In **vers 13** sê dit dat Jesus die weduwee **“*innig jammer gekry het*”**. gesels bietjie daaroor. Wat sê dit vir ons van Jesus?
4. Watse troos gee die Here vir ons in hierdie gedeelte?

Hebreërs 4:14-16: “*14Terwyl ons dan nou 'n groot Hoëpriester het wat reeds deur die hemele gegaan het, Jesus, die Seun van God, laat ons vashou aan die geloof wat ons bely. 15Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie. 16Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word.*”